



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 19 MEI 2022 OM 09:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess (virtueel ingeskakel)

Rdl N Smit

Rdh T van Essen

Rdl A K Warnick (virtueel ingeskakel)

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek die rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat kennis geneem word van die verlof tot afwesigheid van die Onderburgemeester, rdl J M de Beer, wat die SALGA Wes-Kaap Lekgotla vanaf 18 tot 19 Mei 2022 op Prince Albert bywoon.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Direkteur: Beskermingsdienste betrokke is by ondersoek na die onlangse inbraak by die munisipale kantore (ou Standard Bank-gebou).

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 APRIL 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 April 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 11 MEI 2022

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGING AAN DIE 2021/2022 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat die addisionele MIG-fondse ten bedrae van R4 miljoen wat ontvang is en onlangs deur die Raad by wyse van 'n Spesiale Aansuiweringsbegroting geboekstaaf is, 'n wysigings aan die SDBIP noodsaak.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2021/2022 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE VORIGE RAAD SE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (MET WYSIGINGS) ASOOK AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat daar aan alle wetgewende vereistes voldoen is ten einde die vorige Raad se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), met wysigings, te aanvaar.

7.2/...

Die konsep GOP is op 5 en 6 April 2022 in die plaaslike pers geadverteer vir publieke insette en kommentaar. Die verslag maak melding van die insette wat ontvang is, maar noodsaak dit nie wesenlike wysigings aan die GOP nie.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2022)

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van die vorige Raad (met wysigings) in terme van Artikel 25(3)(a) en (b) van die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000) vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word; en
- (b) Dat die hersiening van die areaplanne vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word.

7.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2022/2023, 2023/2024 EN 2024/2025 (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2022/24, 5/1/4)

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, behandel die verslag ten einde 'n geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te gee om die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings gewysigde begrotings- en verwante beleide, eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings aan die Raad aan te beveel op 26 Mei 2022.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die begroting opgestel is teen die agtergrond van die ekonomiese omstandighede en die verwagte inflasiekoers, maar is van die opinie dat lg. nog gaan styg as gevolg van die impak van stygende ru-olie- en voedselpryse meegebring deur die oorlog in Europa.

Verder moet in ag geneem word dat die finale besluit ten opsigte van die goedkeuring van elektrisiteitstariewe nog nie vanaf NERSA ontvang is nie.

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die kapitaalbegroting, met spesifieke verwysing na die kapitaalprojekte bo R50 miljoen en die bedryfsbegroting, met spesifieke verwysing na eiendomsbelasting- en tariefverhogings vir die 2022/2023 finansiële jaar.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verwys na die vereiste ingevolge Artikel 23 van die MFMA om die insette ontvang op die begroting deeglik te oorweeg en bevestig dat die insette ontvang geen wysigings aan beleide en die begroting te weeg gebring het nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat, na deeglike oorweging van die insette ontvang vanaf die publiek en provinsie soos deurgegee in **(Annexure E, Inputs received on Draft Budget)**, dit die oorwoë mening van die Raad is dat geen wysigings aan die beleide of begroting nodig geag word sover dit die 2022/2023 MTREF Konsepbegroting aangaan nie;
- (b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die operasionele kostes bevestig het soos per **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Final Budget and Tariff File)**;
- (c) Dat die Raad, voor die goedkeuring van die kapitaalprojekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2022/23 – 2024/25 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg het;

(d)/...

7.3/...

- (d) Dat die Raad kennis neem dat die Departement van Sport nie betyds die skrywes van aanbeveling, spesifiek ten opsigte van sportprojekte ten bedrae van R10 miljoen uitgereik het nie. Die gevolg is dat die projekte nie onder die MIG-program geregistreer kon word nie en dus nie gedurende die 2022/2023 finansiële jaar geïmplementeer kan word nie. Die Departement van Sport het egter goedkeuring verleen dat die fondse aangewend word in die 2023/2024 finansiële jaar;
- (e) Dat die Raad kennis neem van die versnelling van die Herseëlprogram in die huidige finansiële jaar as gevolg van die onderspandering op die Moorreesburg Rioolsuiweringswerke-projek, onderhewig daaraan dat die Herseëlprogram met dieselfde bedrag verminder in die 2022/2023 jaar en die fondse weer geallokeer word aan die Moorreesburg Rioolsuiweringswerke-projek;
- (f) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening in 2023/24 of 2024/25 vir die gedeeltelike finansiering van die Highlands Stortingsterrein en Grootmaat Elektriesiteitsprojekte ten bedrae van R50 miljoen;
- (g) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | Final Budget 2022/2023 | Final Budget 2023/2024 | Final Budget 2024/2025 |
|--|------------------------|------------------------|------------------------|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 115 812 892 | R 122 483 903 | R 129 755 722 |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 23 810 000 | R 34 711 000 | R 25 670 000 |
| Dept. Human Settlements | R 20 059 000 | R 33 600 000 | R 5 000 000 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 17 600 000 | R 5 000 000 | R 5 225 000 |
| RSEP | R 1 200 000 | | |
| Contributions / Donations | R 12 533 913 | | |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 50 000 | | |
| Community Safety Grant | R 30 000 | R 40 000 | R 40 000 |
| | | | |
| GRAND TOTAL | R 191 095 805 | R 195 834 903 | R 165 690 722 |

- (h) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 3 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (i) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Final Budget and Tariff File)**;
- (j) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2022/23 tot 2024/25 finansiële jare goedgekeur word as finaal;

Tabel/...

7.3/...

| | Oorspronklike Begroting 2021/22 | Aansuiwerings begroting 2021/22 | Finale Begroting 2022/23 | Finale Begroting 2023/24 | Finale Begroting 2024/25 |
|---|---------------------------------------|---------------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|
| Kapitaalbegroting | 166 435 729 | 170 040 448 | 191 095 805 | 195 834 903 | 165 690 722 |
| Bedryfsuitgawes | 911 967 149 | 953 347 356 | 1 029 478 873 | 1 061 530 679 | 1 140 028 445 |
| Bedryfsinkomste | 968 875 613 | 1 013 254 106 | 1 093 983 965 | 1 123 993 180 | 1 174 158 797 |
| Begrote (Surplus)/ Tekort | (56 908 464) | (59 906 750) | (64 505 092) | (62 462 501) | (34 130 352) |
| Minus: Kapitaal Toekennings en Bydraes | 47 912 409 | 52 027 246 | 77 109 000 | 73 351 000 | 35 935 000 |
| (Surplus)/ Tekort | (8 996 055) | (7 879 504) | 12 603 908 | 10 888 499 | 1 804 648 |

- (k) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2022/23 finansiële jaar;

| Category of property | Rate ratio | (c/R) rate determined for the relevant property category |
|---|------------|--|
| Residential properties | 1: 1 | 0,5624 |
| Business and Commercial properties | 1: 1,4586 | 0,8203 |
| Industrial properties | 1: 1,4586 | 0,8203 |
| Agricultural properties | 1: 0,25 | 0,1406 |
| Mining properties | 1: 1,4586 | 0,8203 |
| Public Service Infrastructure | 1: 0,25 | 0,1406 |
| Properties owned by an organ of state and used for public service purposes | 1: 1,4586 | 0,8203 |
| Public Benefit Organisations | 1: 0 | 0,0000 |
| Vacant properties | 1: 1,3470 | 0,7575 |
| Municipal properties | 1: 0 | 0,0000 |
| Conservation Areas | 1: 0 | 0,0000 |
| Protected Areas | 1: 0 | 0,0000 |
| National Monuments | 1: 0 | 0,0000 |
| Informal Settlements | 1: 0 | 0,0000 |

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;

7.3/(k)...

- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Final Budget and Tariff File)** goedkeur as finaal;
- (m) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedkeur vir die 2022/23 finansiële jaar, **met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;**
- (n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2022/23 – 2023/24)** goedgekeur word;
- (o) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Final Amendments to Budget & Related Policies 2022/23)**, goedgekeur word as finaal;
- (p) Dat die opleidingsbegroting beperk word tot **0,65%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R1 911 192** vir die 2022/23 finansiële jaar;
- (q) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4.9%** vir 2022/2023; **4.4%** vir die 2023/2024 en **4%** vir 2024/2025 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB);
- (r) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **8%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **8% (slegs 5.6% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **8.9 maande** vir 2022/23, **8.4 maande** vir 2023/24 en **7.8 maande** vir die 2024/25 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfstekorte verwag word vir 2022/23, 'n bedrag van **R 12 603 908**, vir 2023/24 'n bedrag van **R 10 888 499** en vir 2024/25 'n bedrag van **R 1 804 648 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat bestuurbaar is binne die risiko-aptyt van die munisipaliteit en gerugsteun word deur die verbeterde betaalkoerse.
- (s) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

7.3/...

- (t) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.6 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

7.4 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2022/2023 (15/1/B)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, bevestig dat die doel van die voorlegging van die ontwikkelingsbydraes is om die korting daarop te oorweeg, aangesien daar geen aanpassings in die tariewe gemaak is nie.

Rdh T van Essen noem dat dit belangrik is om 'n korting toe te staan ten einde 'n omgewing te skep waarin die privaatsektor kan werk skep. Dit is verder belangrik om die ontwikkelingsbydraes billik te hou om nie ontwikkeling af te skrik nie, gegewe die stadige ekonomiese groei in Suid-Afrika, en om ontwikkelaars aan te moedig om die Swartland munisipale area teenoor ander moontlikhede te oorweeg.

Die voorsitter versoek dat die korting oor 'n tydperk uitfaseer word en ontwikkelingbydraes van so 'n aard moet wees om nie as "red tape" gesien te word nie.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat die ontwikkelingsbydraes vir die afgelope paar jaar nie ooreenkomstig die inflasiekoers aangepas is nie. Die Direkteur: Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, noem dat die ontwikkelingsbydraes baie laer is as die werklike kostes en as dié van omliggende munisipaliteite. Dit is belangrik om 'n balans te kry tussen ontwikkelingsbydraes en werklike ingenieurskoste en moet die tariewe derhalwe hersien word.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2022)

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2022/2023 finansiële jaar goedgekeur word:
- Greenfields"-ontwikkelingbydraes – Malmesbury (Bylae "A");
 - "Brownfields"-ontwikkelingbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Bylae "B");
 - Ontwikkelingbydraes – Riebeek Vallei (Bylae "C" & "C1" en Bylae "C");
 - Ontwikkelingsbydraes vir grootmaatsdienste – Yzerfontein (Bylae "D");
- (b) 'n Korting van 35% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar toegestaan word;
- (c) Ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;
- (d) Die bestaande besluit insake die vrystelling van betaling van ontwikkelingsbydraes op ontwikkelings van 100m² en kleiner aan ondernemings en nywerhede in die Riebeek Vallei, ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar bevestig word;
- (e) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

7.5 INSTELLING VAN SPESIALE BELASTINGAREAS IN TERME VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING (1/1)

'n Versoek is op 30 September 2021 vanaf die Riebeek-Vallei Belastingbetalersvereniging ontvang om die instelling van spesiale belastingareas in terme van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004 te oorweeg.

Die doel van 'n spesiale belastingarea is om uit die addisionele tariewe wat gehef word 'n hoër vlak van dienste te verskaf om, onder andere, 'n veiliger en skoner omgewing te skep vir bevordering van sosio-ekonomiese omstandighede en toerisme.

Besluit/...

7.5/...

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 26 Mei 2022)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die instelling van Spesiale Belastingareas in hierdie stadium nie goedgekeur word nie, met in ag neming van die finansiële volhoubaarheidsoorweginge en werklike/potensiële risiko soos mee gehandel in die verslag, en – in besonder – in ag genome die potensiële risiko dat die instelling van sodanige areas segregasie en bestaande ongelykhede mag bevorder in gemeenskappe wat nie homogeen van aard is nie, soos dié van Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel.

7.6 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die bestaande verordening van die Raad insake die Hou van Vergaderings is hersien aan die hand van –

- (1) die Strukturewysigingswet, Wet 3 van 2021 – in werking getree op 1 November 2021;
- (2) die standaardverordening soos verskaf deur die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 26 Mei 2022 aan die Raad voorgelê word vir beginselgoedkeuring:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.7 IMPLEMENTERING VAN DIE MUNISIPALE PERSONEEL REGULASIES (4/3/1)

Die verslag het ten doel om te rapporteer op die implementering van die Munisipale Personeel Regulasies soos afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 45181 gedateer 20 September 2021.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, meld dat daar goeie vordering op verskeie van die aspekte is, maar dat die Regulasies nie in totaliteit geïmplementeer kan word alvorens die organigram, posbeskrywings, ens. nie gefinaliseer is nie. Die implementeringsdatum van 1 Julie 2022 wat deur die Regulasies gestel word, is dus nie haalbaar nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag en die implementeringsplan van die Munisipale Personeel Regulasies. Dat, as gevolg van die bestaande kapasiteit in die Departement Menslike Hulpbronbestuur en die verhoogde werklading en uitgebreide prosesse wat in plek gestel moet word om voldoening aan die regulasies te verseker, die regulasies nie teen 1 Julie 2022 geïmplementeer sal kan word nie;
- (b) Dat, omrede daar omvattende interne prosesse gevolg moet word en dit nie bloot 'n hersiening en implementering van beleide is nie, die voorgestelde datum vir die implementering van al die aspekte van die Munisipale Personeel Regulasies 30 Junie 2023 is;
- (c) Dat goedkeuring verleen word daar 'n skrywe aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake gerig word om Swartland Munisipaliteit se verbintenis tot die implementering van die Munisipale Personeel Regulasies te bevestig, maar dat die sperdatum van 1 Julie 2022, weens verskeie uitdagings, nie haalbaar is nie.

7.8 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselwet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkel en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die aanhangsel tot die sakelys behels die eerste hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2022)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die wysiging tot die Stelsel van Delegasie (1^{ste} Hersiening) soos vervat in Aanhangsel A goedgekeur word, en kennis geneem word van die wysigings soos vervat in Aanhangsel B;
- (b) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die munisipale bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

7.9 NUWE PRESTASIEBESTUUR- EN ONTWIKKELINGSBELEID (2/4/B)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Prestasiebestuur- en Ontwikkelingsbeleid opgestel is na aanleiding van die afkondiging van die Munisipale Personeel Regulasies (Goewermentskennisgewing No 45181 gedateer 20 September 2021) en vervang die Raamwerk vir die Implementering van Prestasiebestuur.

Die nuwe beleid bestaan uit drie gedeeltes wat van toepassing is op prestasiebestuur van die Munisipaliteit in die algemeen, prestasiebestuur van die Munisipale Bestuurder en Direkteure en prestasiebestuur van alle werknemers.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die aangehegte Beleid vir Prestasiebestuur en -ontwikkeling goedgekeur word.

7.10 KONSEP PROSESPLAN VIR DIE OPSTEL VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (2/1/4/4/1)

Artikels 28 en 29 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000 bevat die vereistes vir die opstel van 'n Prosesplan waarvolgens die beplanning, opstel, aanneem en hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet geskied.

Die konsep Prosesplan vir die opstel van die GOP is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Mei 2022)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die konsep Prosesplan;
- (b) Dat 'n werksessie in verband met die Prosesplan met die Raad gehou word op 9 Junie 2022;
- (c) Dat die plaaslike gemeenskap gedurende Junie en Julie 2022 gekonsulteer word deur middel van kennisgewings in die plaaslike koerante en op die Munisipaliteit se Facebookblad en webtuiste; en
- (d) Dat die finale Prosesplan in Augustus 2022 aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

7.11/...

7.11 MOBIELE KIOSK TE YZERFONTEIN HAWE EN VISMARK (17/5/1/1)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat die bedoeling van die verslag is om die besluit van 2012 te herbevestig in terme van die delegasies aan die Wetstoepasser/Dorpsbestuurder in die hantering van aansoeke vir mobiele kiosks in die Yzerfontein Hawe en –Vismark, onderhewig aan voorwaardes.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die gedelegeerde bevoegdheid aan die Wetstoepassingsbeampte/Dorpsbestuurder bevestig word om versoeke vir die gebruik van die Yzerfontein hawe en vismark deur Mobiele Kiosks te hanteer, welke bevoegdheid uitgeoefen moet word binne die voorwaardes soos gelys onder (b) en (c) hieronder;
- (b) Dat die voorgeskrewe toegangsfooie by die hawe en vismark deur goedgekeurde aansoekers betaalbaar sal wees;
- (c) Dat die volgende goedkeuringsvoorwaardes sal geld:
 - (i) Dat die mobiele kiosk slegs gedurende die normale ure wat die hawe bedryf word handel mag dryf, en dat die mobiele kiosk voordat die hawehek saans gesluit word, op 'n daaglikse basis vanaf die perseel verwyder moet word; Geen permanente strukture sal toegelaat word nie;
 - (ii) Dat die gebruik van gasterusting toegelaat sal word vir verhittings- en verkoelingsdoeleindes, maar dat 'n gemeterde elektriese kragpunt van maksimum 30-ampere op aanvraag oorweeg kan word. Kragopwekkers sal nie toegelaat word nie. Die mobiele kiosk moet geparkeer word op 'n bepaalde plek soos deur die Raad aangewys. Geen waterpunt word voorsien nie;
 - (iii) Dat voldoende brandblustoerusting, tot bevrediging van die Raad, te alle tye in die mobiele kiosk teenwoordig moet wees;
 - (iv) Dat die mobiele kiosk aan alle munisipale gesondheidsvereistes moet voldoen, sowel as oor 'n padwaardigheidsertifikaat beskik;
 - (v) Dat geen musiek of geraas toegelaat sal word nie;
 - (vi) Dat handeldrywing in enige vorm van alkoholiese drank en dwelmmiddels verbode is;
 - (vii) Dat die Raad die reg voorbehou om die mobiele kiosk te enige tyd, gedurende die ure wat handel gedryf word, deur 'n gemagtigde personeel te laat betree om hom/haarself daarvan te vergewis of die eienaar aan al die Raad se vereistes voldoen al dan nie;
 - (viii) Dat die tipe items waarin handel gedryf of verhuur mag word kan insluit, visgerei en aanverwante produkte, verversings, kajakke en geriefsprodukte;
 - (ix) Goedgekeurde gebruikers moet uitvoering gee aan die Verordening insake die beheer oor die Yzerfontein hawegebied (n Afskrif van die verordening sal aan die gebruikers verskaf word);
 - (x) Die hawegebied word gebruik op die uitsluitlike risiko van die gebruiker en die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige eis, skade of verlies wat spruit uit die dood of besering van enige persoon of skade aan of verlies van enige eiendom nie;
 - (xi) Goedgekeurde gebruikers is onderhewig aan die instruksies van die Hawemeester en mag toegang geweier word indien die vis "loop" of indien daar ander geleenthede/events in die hawe plaasvind;

7.11/...

- (xii) Dat goedkeuring vir hoogstens een jaar sal geld, en jaarliks heroorweeg sal word.

7.12 VOORRAADOPNAME: 2022 (6/1/1)

Die jaarlikse voorraadopnames by die magasyn in Malmesbury en Moorreesburg vind plaas op Woensdag, 29 Junie 2022 om 09:00.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat rdh T van Essen (sekundi, rdl A K Warnick) en rdl N Smit (sekundi, rdl D G Bess) onderskeidelik vir Malmesbury en Moorreesburg aangewys word as waarnemers by die voorraadopname op 29 Junie 2022;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Hoof Magasynmeester stiptelik om 09:00 'n aanvang sal neem met die voorraadopname by die hoof magasyn op Malmesbury.

7.13 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, meld dat ten opsigte van die uitstaande skuld deur staatsdepartemente, die Provinsiale Tesourie versoek het om geleentheid te gee om met die Departement van Vervoer en Openbare Werke en die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling in gesprek te tree alvorens verdere regsprosesse volvoer word om skulde te in.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat dit as onregverdig beskou word om residensiële eienaars te straf as munisipale rekening nie betaal word nie, maar daar word niks aan staatsdepartemente gedoen nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2022.

7.14 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: APRIL 2022 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton, noem dat die Munisipaliteit daarin kon slaag om die eis ten opsigte van die Standard Bank-gebou af te handel en is 'n bedrag van R173 913,04 einde April uitbetaal.

Rdh T van Essen versoek dat metodes oorweeg word om munisipale bates te merk ten einde dit uit te ken en as bewyslas gebruik kan word in hofsake, aangesien misdadigers vry rondloop en nie vasgevat kan word nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.15/...

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTEL VAN SEKURITEITSMATSKAPPY VIR GEBRUIK VAN SEKURITEITSWAGTE EN – HONDE BY WESBANK SPORTGRONDE (8/1/B/2)

Daar is 'n toename in diefstal en vandalisme by die Wesbank Sportgronde en munisipale bates word op 'n gereelde basis gesteel of beskadig. Gevolglik is besluit om 'n sekuriteitswag aan te stel met ingang van 1 Maart 2022 tot 30 Junie 2022 in 'n poging om die skade te beperk.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die kwotasie van *Dogs & All* te aanvaar vir die lewering van sekuriteitsdienste by die Wesbank Sportgronde ten bedrae van R146 107,50 (BTW ingesluit) vanaf 2 Maart 2022 tot 30 Junie 2022;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die risiko van diefstal en vandalisme van munisipale bates by die Wesbank Sportgronde is van so 'n aard dat dit nodig is om die Raad se bates daarteen te beskerm;
 - (ii) die aanstelling is as 'n noodgeval hanteer om die munisipale bates teen diefstal en vandalisme te beskerm;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R146 107,50 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/237-1017-1319 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN HACH SUURSTOF-METINGSINSTRUMENT (*HACH DISSOLVED OXYGEN MEASURING EQUIPMENT*) (8/1/B/2)

Die toerusting (x6 metingsinstrumente) voer die meting na die sentrale verwerkingseenheid van die WWTW-werke wat die hoeveelheid suurstof wat na die biologiese reaktor ingevoer word beheer deur die spoed van die lugblaser-eenhede te reguleer.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, meld dat die *HACH*-agent bevestig het dat die toerusting gefaal het as gevolg van gereelde beurtkrag. Alhoewel daar kragopwekkers by die rioolwerke is, kan dit nie die volle kapasiteit van die rioolwerke hanteer nie en is daar sekere komponente in die proses wat sonder krag gelaat word.

Daar sal oorweeg moet word om voorsorgmaatreëls in te stel om toerusting teen beurtkrag te beskerm, bv. die Riversdal WWTW waar sonpanele as rugsteunkrag gebruik word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die opgeloste-stuurstof-meetinstrumenteenhede by die Malmesbury WWTW deur *Agua Africa* ten bedrae van R337 960,00 (BTW uitgesluit) goed te keur;

7.16/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
- (i) indien die normale prosesse gevolg was, sou die meetinstrumente vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) voormelde sou lei tot ondoeltreffendheid in behandelingsproses wat die gehalte van die uitvloeisel sou affekteer en risiko's vir openbare gesondheid en die omgewing inhou;
 - (iii) die herstelwerk by die Malmesbury WWTW was dus as 'n noodgeval gehanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R337 960,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/239-851-689 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 SLUITING VAN KANTORE OP 23 DESEMBER 2022 IN PLAAS VAN 17 JUNIE 2022 (2/6)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 21 Februarie 2022 goedkeuring verleen vir die sluiting van die munisipale kantore op 17 Junie 2022 as 'n vergunning aan werknemers weens die negende skoon oudit wat verkry is.

Daar is egter besin, in konsultasie met vakbonde, of dit nie meer aanvaarbaar vir die publiek sal wees om die kantore in Desember te sluit wanneer die publieke aanvraag na munisipale dienste, weens die feesseisoen, laer is nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die munisipale kantore op Vrydag, 23 Desember 2022 mag sluit vir die dag, in plaas van 17 Junie 2022 soos voorheen besluit;
- (b) Dat, ooreenkomstig die oorblywende gedeelte van die besluit soos geneem op 21 Februarie 2022,
- hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit nie weer in die toekoms toegestaan sal word nie;
 - kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;
 - met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**